24 DAE HUWELIKS-
‘ADVENT KALENDER’

1.Liefdesbrief: Skryf ‘n liefdesbrief vir mekaar om julle 24-dae af te skop
2.Sensuele Massering: Gaan vroeer kamer toe; ligte af en kerse aan, bad of stort en gee mekaar ‘n massering met geurige olies.
3.DIY Dag: Werk saam aan 'n romantiese DIY projek bv ‘n ‘Date Night Jar’; verf saam ‘n canvas; doen mosaic saam; maak iets uit hout (google/pinterest/chapgpt nog lekker idees).
4.Onthou Aand: Dink terug oor julle gunsteling herinneringe van 2023 en deel dit met mekaar.
5.Kerslig-bad: Ontspan saam in 'n kerslig-bad met mooi musiek. Gooi iets spesiaal in om te drink.
6.Sterre Fliek: Kyk na 'n romantiese fliek onder die sterre.
7.‘Volunteer’: Doen iets saam vir ander. Maak ‘n verskil. Al is dit net in een ander mens se lewe.
8.Skuim party: Bad saam en kyk hoeveel skuim julle kan maak - dis speeltyd!
9.Ontbyt in die Bed: Gaan maak saam ontbyt en eet dit in die bed. As paartjie of as ‘n gesin. Maak dit spesiaal en pret.
10.Avontuur Pot: Skryf avontuur idees vir toekomstige afsprake neer. Gooi dit in ‘n ‘date night jar’. Binnekort gaan julle kans kry om een te trek.
11.Droom saam: Deel julle drome - realisties en onrealisties!
12.Nuwe Resep: Maak vannaand saam kos en probeer ‘n nuwe resep!
13.Muskiek en Dans: Maak ‘n playlist met al julle gunsteling liedjies en dans in die kombuis.
14.Komedie aand: Kyk ‘n snaakse fliek of dalk ‘n ‘comedy show’ op YouTube en lag saam.
15.Blinddoek Proe Toets: Verken verskeie smake terwyl julle blinddoeke dra.
16.Avontuur Pot: Trek ‘n idee en gaan doen dit!
17.Uit vir Nagereg: Eet hoofgereg by die huis en gaan uit na ‘n restaurant vir nagereg!
18.‘Affection exchange’: Deel liefdevolle woorde, dade, geskenkies, drukkies en soene. Al vyf liefdestale deur die dag.
19.Bid saam: Neem vandag tyd om saam te bid en die Here te dank vir Sy goedheid en alles wat julle beleef het die jaar.
20.Sagte Soene: Deel sagte en soet soene deur die dag met mekaar.
21.Google ’36 Questions for couples’ en vra mekaar die eerste 18. Maak beurte om elke vraag te antwoord en pas aan vir julle eie omstandighede waar nodig.
22.Die ander 18: Antwoord vannaand die ander 18.
23.Sonsopkoms of ondergang: Pak koffie of wyn. Hou hande vas. Geniet die oomblik.
24.Belofte: Maak 'n spesiale belofte vir 2024 aan jou lewensmaat.

intiem
Jou huwelik maak saak